Fillipus, Filippus,
Ek is al so lank by julle
"Wie My sien, sien die Vader..." :9
"Hoe kan jy dan sê: "wys vir ons die Vader."

Die 1e les
gee jou lewe aan Jesus soos slawe
met nederige afhanklikheid,
loop die pad saam met Jesus,

Die 2e les
God is God
God het nie 'n anderkant nie
God is ryk aan barmhartigheid, sê Paulus, dis Hy.
God staan nie reg om jou te vergeld nie, God is lief vir jou
Jy is God se geliefde seun, BeLUVed dogter, God staan reg
om die bladsye van jou sondes uit te skeur
aan die KRUIS
alles betaal
dit is God
Hy is niks anders nie
as genadige barmhartige God
Jy kan nie vir iets anders vra nie, Filippus, en Petrus,
miks anders sal genoeg wees nie.

2) Sien Jesus, dit is genoeg,
+
1) loop die diens/slawepad, soos Jesus, dis al.

Johannes 20 : 29 **"Toe sê Jesus vir Thomas: "Gelukkig is dié wat nie gesien het nie, en tog glo."** amen.
luv

DIE 2 GROOTSTE LESSE

Johannes 13 gaan oor : "Jesus was die voete van Sy dissipels", letterlik die laagste daad wat Jesus verrig, as Hy op Sy knieë gaan, 'n lae klas werk, wat net slawe gedoen het. Die Groot Aristoteles het gesê die enigste verskil tussen 'n slaaf en 'n hond is dat 'n slaaf kan praat. Nou staan Die Seun van God op Sy knieë, maar nie as 'n slaaf nie,

hoor :12 "... verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?
Julle noem My julle Leermeester en Here,
en julle is reg, want Ek is dit. As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen."

Mense kan sê, ek buig voor geen mens nie ek buig net voor God. Maar God buig voor mense. Moet ons nie iets by Jesus byleer nie?

Petrus kan dit nie vat nie.

"As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan voor julle buig, julle voete was, 'n slaaf se werk doen, julle voete gewas het, dan behoort julle ook mekaar se voete te was, Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen."